LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

28-01-2019

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 4 VIR 2019

NB: Lees asb. deeglik deur vir belangrike inligting!!

1 **ATLETIEK 2018**:

- Ons neem **Donderdag, 31Januarie** deel teen Laerskool Vryheidsmonument. Die leerders wat deelneem mag 13:15 verdaag.
- Die skool verdaag gewone tyd.
- LET OP: Aantal atlete per item: Middelafstande/Velditems is 4 per item.
  Naellope is 4 per item maar 150m en 200m is slegs 2 per item.
  Kort hekkies is 3 per item en Lang hekkies 2 atlete.
- **KLEREDRAG**:
  Atlete kan deelneem in VOLKIE-VRYDAGDRAG of skool-atletiekdrag. Die "Ski-pants" moet asb. groen wees, en direk na deelname word die Volkiebroek weer bo-oor aangetrek.

2 **REDENAARS 2019:**

- Die Junior skoolredenaars vind plaas op 4 Februarie en die Senior skoolredenaars op 5 Februarie 2019.
- Leerders het reeds temas gekry.
- Redenaars wat deelneem se name moes reeds Vrydag, 25 Januarie opgegee gewees het by:
  * Junior redenaars se name by Juf. Driena.
  * Senior redenaars se name by Juf. Sanet.
- Maak asb. seker jou naam is opgegee met 'n tema en onderwerp by die betrokke onderwysers.
- Ouers sal in die week briefies ontvang met tye en reëlings vir die betrokke aande.

3 **SWEM**:

Swemoefening gaan elke Dinsdag en Donderdag wees vanaf 14:30 tot 15:15 by Hoër Volkskool se swembad vir die leerders wat nie by die atletiek betrokke is nie. Oefening is verpligtend vir almal wat NIE by die klub betrokke is nie.

Ligadatums:

30 Januarie	Rynfield
6 Februarie	Tom Newby

20 Februarie	St Dominic's
27 Februarie	Martin School
7 Maart	Interlaer by Boksburg Noord

4 **STUDIEMETODES:**

Al ons graad 4 leerders sal vandag 'n briefie ontvang rakende die studiemetodes wat Woensdag, 30 Januarie 2019 begin. Ouers moet dit asb. voltooi en terugstuur na Juf. Sanet Strydom op Dinsdag, 29 Januarie 2019.

5 **OPDATERING VAN SKOOLGELD OOREENKOMS:**

U het reeds per gesin 'n pak dokumente ontvang. Stuur dit asb. so spoedig moontlik terug skool toe sodat ons die proses kan afhandel. Slegs nuwe ouers moet die nodige dokumentasie aanheg. Almal moet wel op elke bladsy parafeer en op die agterblad volledig teken.

6 **SKOOLGELDE**:

Skoolgelde vir Januarie 2019 was reeds betaalbaar, einde Januarie is skoolgelde betaalbaar vir Februarie 2019.

7 **KOOR:**

- Die seniorkoor se oudisies gaan nog hierdie week gedurende pouses wees.
- Die juniorkoor se oudisies word gedoen tydens hulle klasmusiek periodes.
- Leerders sal briefies ontvang aan die begin van volgende week.

8 **SKAAK**:

Skaakoefening sal deurgegee word sodra ons atletiekseisoen afgehandel is.

9 **PA EN SEUN DAG:**

Elke seun gaan vandag 'n brief ontvang rakende die Pa en Seun dag.
Voltooi asb. die aangehegte skeurstrokie en stuur terug skool toe.

Wanneer:	Saterdag, 9 Maart 2019	Waar:	Loftus rugby stadion
Bus vertrek:	12:00	Bus terug:	± 21:30
Wedstryd:	Bulle vs Haaie	Afskoptyd:	17:15
Kostes:	Busvervoer: Per kind: R180 en Volwassene: R280		
Eie vervoer:	Per kind: R150 en Volwassene: R250		

10 **GRAAD 4 OUERAAND:**

Hou asb. Donderdag, 7 Februarie 2019 vanaf 17:00 tot 18:00 oop in u dagboek vir 'n Graad 4 Oueraand, waar ons as personeel graag enige vrae sal hanteer.

11 **DEPARTEMENTELE GESONDHEIDSPROGRAM VIR 2019:**

- Elke leerder vanaf Gr R tot 7 ontvang vandag 'n toestemmingsbrief wat u as ouers moet voltooi en terugstuur na die registeronderwyser.
- *ALLE VORMS MOET INGEHANDIG WORD* voor of op 1 Februarie 2019.

12 **TENNIS VIR GR 1-3:**

Die tennisafrigting by Oom Jack vir Gr 1-3 spelers, begin op Woensdag, 6 Februarie 2019.
U moet asb. die aangehegte vorm voltooi en terug stuur skooltoe vir Juf. Amanda Roods.

13 **VEILIGHEID EN SEKURITEIT:**

- Ons kinders se veiligheid en sekuriteit by die skool is nie onderhandelbaar nie. Daarom word alle hekke gesluit wanneer die skool begin (7:27) en eers weer oopgesluit 5 minute voor die skool verdaag vir die dag. Alle ouers sowel as gaste mag slegs by Ontvangs aanmeld. **Geen ouers of gaste word tussen geboue en klasse toegelaat nie.**
- Ons eerste werkers meld reeds 5:30 in die oggend aan. Die eerste personeel is al vanaf 6:40 by die skool. Indien u enige vreemde mense rondom die skool sien, meld dit dadelik aan by die skool sodat die situasie hanteer word. Dit is belangrik dat ons dadelik in kennis gestel moet word van enige navrae of situasies. Vanaf 7:05 is daar ook elke oggend 'n personeellid aan diens by die Gr 1 speelparkie.
- Dr. Willem Sprong is die Voorsitter van die skool se Veiligheid- en Sekuriteitskomitee. Hy is in noue kontak met die SAPD asook GPF en ander veiligheidsstrukture. U is ook baie welkom om hom te kontak.

14 KOMMUNIKASIE:

- Ons neem aan talle sport- en kultuur aktiwiteite deel oor die hele Vrystaat asook noordelike provinsies. Ons as onderwyspersoneel besef elke keer hoe pragtig is die kinders waarmee ons werk. Tog ontstaan daar soms situasies of insidente waar u as ouer voel dat u kind nie reg hanteer is nie. Ons doen 'n baie ernstige beroep op u as ouer om die personeel te kontak. Slegs met direkte kommunikasie kan die probleem hanteer word en die leerder in 'n omgewing funksioneer waar hy optimaal kan ontwikkel en presteer. In die meeste gevalle is dit 'n klein misverstand wat onmiddellik uit die weg geruim kan word.
- Die **skool se bestuursspan** is ook altyd beskikbaar om u behulpsaam te wees met enige navrae. Kontak hul gerus en ons kan u verseker dat hul alles in hul vermoë sal doen om die situasie reg te stel:

  Mev. Driena Spykerman - Grondslagfase (Gr. R – Gr. 3)
  Mev. Sanet Strydom - Intersenfase (Assessering en akademie Gr. 4 – Gr. 7)
  Mnr. Dawie Jordaan - Skoolondersteuning (Alle trauma asook leerderprobleme)
  Mnr. Jaco Jordaan - Akademie asook Sport
- U is ook enige tyd welkom om 'n afspraak te maak rakende enige probleem.
- Ons kan u verseker dat die enigste uitkoms rakende 'n navraag of situasie tot voordeel van die kind sal wees. Dit is ook deel van ons personeel se gedragskode dat geen kind benadeel sal wees indien u as ouer die skool kontak oor navrae of uitdagings nie.

15 SOSIALE MEDIA:

- Ons leef tans in 'n wêreld waar sosiale media hoogty vier. Ons as skool besef die belangrikheid van kommunikasie en daarom probeer ons sosiale media gebruik tot voordeel van die skool en kind. Een van die grootste nadele van sosiale media is dat dit gebruik word om massa histerie op te wek en negatiewe emosies te skep. Laer Volkskool het 'n puik ouer gemeenskap. U as ouer is deel van die atmosfeer by die skool. Daarom doen ons 'n beroep op u as ouer dat u sosiale media só sal gebruik dat dit ook vir ons leerders 'n voorbeeld sal stel. Bitter min probleme of uitdagings word opgelos op sosiale media.
- Ons besef die noodsaaklik van kommunikasie asook die belangrikheid van sosiale media. Daarom word daar weekliks nuusbriewe uitgestuur. LEES DIT ASSEBLIEF. U het die keuse om die nuusbriewe te ontvang as 'n harde kopie, per e-pos of op ons skool se webblad.
- SMS boodskappe word deur organiseerders aan ouers gestuur om belangrike inligting rakende tye en veranderings op programme met u te deel.

- **Personeel mag nie op sosiale media betrokke raak in gesprekke rakende die skool, leerders of aktiwiteite nie.** Hul mag slegs deur die skool se goedgekeurde strukture met u kommunikeer. Kom ons maak persoonlike kontak om enige aspekte rakende die skool en ons kinders te bespreek.
- Baie dankie vir u samewerking in bogenoemde verband.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF